‘n Formele aansoekbrief

Met ‘n goeie aansoekbrief kan jy ’n goeie eerste indruk van jouself by die leser skep.

ONTHOU:

Die vorm van die brief is belangrik. Die styl is formeel, het 'n formele aanhef en afsluiting.

Hou by die formele taalgebruik: gebruik liewers ***u*** (kleinletter) in plaas van ***jy*** of ***julle***.

Rig die brief aan die hoof van die maatskappy.
Adres van maatskappy aan wie jy skryf.

Wilgerstraat 12
DURBANVILLE **(kleinletters as jy dit skryf)**
7550
10 Oktober 2009

Jou eie adres met géén leestekens nie.
Eers die straatnaam en dán die nommer.
Afsender se naam staan nóóit bo-aan nie.

(Reël oop)

Die Bestuurder
Edgars Tygervallei
Posbus 100
BELLVILLE **(kleinletters as jy dit skryf)**
7500

(Reël oop)

Geagte mnr. De Kock

Inhoudsopskrif (gee 'n kort opsomming van die onderwerp van die brief).
Geen leesteken na opskrif. Kleinletters en onderstreep as jy dit skryf.

(Reël oop)

AANSOEK OM BETREKKING AS VERKOOPSDAME

In die eerste paragraaf noem jy die doel van die brief en verwys na 'n spesifieke advertensie waarop jy reageer.

(Reël oop)

Hiermee doen ek aansoek om die betrekking as verkoopsdame in u onderneming soos geadverteer in *Die Burger* van 6 Oktober 2009.

(Reël oop)

Ek is tans 'n graad 11-leerder aan Hoërskool Durbanville...

Die res van die brief in paragraafvorm gee 'n uiteensetting van die aansoeker se persoonlike inligting, kwalifikasies, ervaring, belangstellings en alle ander inligting wat die adverteerder moontlik kan oortuig dat dit die werknemer is wat hy soek. Daar word aan die einde verwys na getuigskrifte, diplomas en sertifikate wat ingesluitis. Ook die name van referente verskyn in die brief, soos hieronder.

(Reël oop)

Soos u uit my CV kan aflei is ek 'n baie konsensieuse en hardwerkende leerder en ek is ook betrokke by ...

(Reël oop)

Ek verwys u graag na die referente in my CV wat oor my karakter sal kan getuig. U kan te enige tyd met my in aanraking kom by die volgende telefoonnommers:

(h) (021) 948-6116
(s) 072 5744 890

(Reël oop)

Indien ek in die betrekking aangestel word, kan ek u verseker van my getroue samewerking en lojale diens.

(Reël oop)

Kleinletter!

Die uwe

Elize le Roux